



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

UITNODIGING AAN DIE PUBLIEK OM BEWYSE AAN DIE KOMITEE VIR ARTIKEL 194-ONDERSOEK TE VERSKAF – ONDERSOEK NA DIE AMPSONTHEFFING VAN ADV BUSISIWE MKHWEBANE UIT DIE KANTOOR VAN DIE OPENBARE BESKERMER, (BEROEP OM BEWYSE)

Die Komitee vir Artikel 194-ondersoek (“die komitee”) wat deur die Nasionale Vergadering (“NV”) ingestel is, is besig met ’n ondersoek ingevolge artikel 194 van die Grondwet om die aanklagte te beoordeel soos vervat in ’n voorstel wat op 21 Februarie 2020 in die NV ter tafel gelê is om die ontheffing van die Openbare Beskermer, adv B Mkhwebane, in werking te stel op grond van beweerde onbevoegdheid en/of wangedrag (“die voorstel”).

Die ondersoek het ten doel om:

- a) die aanklagte soos vervat in die voorstel te beoordeel ten einde te bepaal of **adv B Mkhwebane** onbevoeg is en/of haarself skuldig gemaak het aan wangedrag; en
- b) aan die NV verslag te doen oor die komitee se bevindinge en aanbevelings.

Die Komitee nooi persone uit om die komitee skriftelik in kennis te stel indien hulle bewyse voor die komitee wil plaas wat die komitee se beoordeling van die voorstel sal ondersteun, teen nie later nie as 23 Mei 2022 en om die komitee in sodanige kennisgewing in te lig indien bystand benodig word met die aflê van ’n beëdigde verklaring of die oorhandiging van bewyse. Volledige kontakbesonderhede moet by sodanige kennisgewing ingesluit word.

Enige individu of organisasie wat bewyse wil lewer ten opsigte van kwessies wat uit die voorstel spruit, moet dit skriftelik en onder eed of plegtige verklaring doen teen nie later nie as **12h00 op 3 Junie 2022**.

Die bogenoemde kennisgewing en bewyse moet soos volg aan die komitee gelewer word:

1. per e-pos aan: die sekretaris van die komitee, **mnr Thembinkosi Ngoma by tngoma@parliament.gov.za** (**beskikbaar by tel 083 709 8407**); of
2. afgelewer in harde kopie deur vooraf met die komiteesekretaris te reël.

Enige individu of organisasie mag, indien nodig, versoek word om bewyse onder eed voor die komitee te verskaf ingevolge die Wet op Bevoegdheede, Voorregte en Immunitete van die Parlement en Provinsiale Wetgewers, 2004 en enige toepaslike reëls en prosedures. Geen getuienis wat nie vooraf op ’n beëdigde verklaring aangedui is nie, sal toegelaat word nie.

Die ondersoek volg op die voorlegging van ’n verslag wat deur ’n onafhanklike paneel opgestel is, gedateer 24 Februarie 2021, wat aanbeveel het, om redes soos uiteengesit in dié verslag, dat die aanklagte in die voorstel na die komitee verwys word soos in die NV-reëls voorsiening gemaak word.

Die ondersoek moet op ’n redelike en prosedureel billike wyse uitgevoer word, binne ’n redelike tydsraamwerk.

Die volgende kan elektronies op die Parlement se webwerf, www.parliament.gov.za, verkry word:

1. Die voorstel wat die ondersoek in werking stel tesame met stawende bewyse;
2. Die Openbare Beskermer se reaksie op die voorstel;
3. Die verslag van die onafhanklike paneel wat aan die NV verskaf is;
4. Die Reëls van die NV wat ontheffing beheer; en
5. Die verwysingsraamwerk soos dit deur die komitee op 22 Februarie 2022 aangeneem is en wat van tyd tot tyd gewysig mag word.

Uitgereik deur agb mnr Q R Dyantyi, LP, Voorsitter van die Komitee vir Artikel 194-ondersoek.

**Parliament – Following up on our commitments to the People
– Making your future work better**